Saterdag **15 Junie**
**Skrifgedeelte: Johannes 7:37-39 (AFR83)**
**Fokusgedeelte: Johannes 7:37-39**
**Die Gees laat die lewende water, Jesus se verlossing, uit ons stroom!**
*As iemand dors het, kom na My toe ... Kom skep! Kom drink!* Dit is die roepstem, die genaderoep van Jesus tot elkeen wat dors geword het, werklik dors is! Dis ’n uitnodiging vir elkeen wat moeg geploeg is in die woestynsand van ons sondevervalle bestaan op aarde.
Dit is ’n uitnodiging tot uitkoms en heil vir elke sondaar, elke moedelose, elke twyfelaar, ja, tot elkeen wie se lewe besig is om uit te dor – dalk as gevolg van verkeerde optrede en keuses, geweldige drukte by die werk, mislukkings en bekommernis oor jou finansiële situasie of landsekonomie, dalk vrese as gevolg van die gevolge van sondes ... stukkende verhoudings ...
Dit is sy genaderoep tot mense soos ek en jy ... wat weerklink het op die laaste dag van die Huttefees, die fees ter herdenking van die waterwonders wat die Here op die woestyntog vir sy volk voorsien het.
Op dié dag was daar ’n seremonie, die hoogtepunt, wat Watervergieting genoem was. Dit het só verloop: In ’n plegtige optog het die priesters vanaf die tempel geloop en water by die Siloam-fontein gaan skep. Dan het hulle weer teruggeloop tempel toe en die fonteinwater oor die brandofferaltaar uitgegiet. Terwyl die watervergieting plaasgevind het, moes die hele volk juigend die woorde van Jesaja 12:3 uitroep: *Met blydskap sal julle water skep uit die fonteine van redding ...*
Net Jesus kan werklik ons dors les, omdat Hy self een keer tot die dood toe dors was – aan die kruis! Maar vir Hom was daar nie lafenis nie. ’n Spons vol suur wyn op ’n hisoptakkie was al ... En toe het Hy gesterf ... om daardeur die fontein van lewende water oop te breek, die egte salige lewe vir ons by God te skenk!
Nie maar drupsgewys nie, maar oorvloedig stroom die lewende water. Luister na Jesus se woorde: *Met die een wat in My glo, strome lewende water sal uit sy binneste vloei.*
En dit is moontlik, omdat elkeen wat in Jesus glo, die Heilige Gees ontvang. Die strome lewende water is niks anders nie as die kragtige werk van die Heilige Gees wat die lewende water uit ons binneste laat stroom.
Die Gees oorstroom die dorre dood wat ons lewens omring ... sodat oral waar ons kom, dieselfde lewenskrag van die Gees sal deurbreek.
Is dit só met jou? Die vraag is: Is jóú dors geles?
*Sing: Psalm 42-1:1, 3*
*Dr. HC (Charl) van Rooy (Randburg)*